Rooihuiskraal Kommando

Aanstap Rooies!

Voortrekkerkode no.2

‘n Voortrekker se woord is sy eer.

Ons maak vandag mond-stokkies, want ons woorde kom uit ons monde.
Ons moet onthou om altyd net mooi en ware woorde te praat en
ons beloftes aan ander na kom.

Wat het jy nodig?

- Papier/karton (wit of kleure van jou keuse)
- Skêr
- Gryspotlood vir afteken
- Kleurpotlode/kryte/veltpenne vir inkleur
- Stokkies (sosatie-, roomys- of stokkies wat jy buite opgetel het)
- Kleeflint / Gom(houtlym) / Prestik

Kode 2 beteken dat jy as Voortrekker belowe om die waarheid te praat en ook om altyd mooi met iemand anders te praat. Om nie lelik met ander mense te wees nie, om nie te spot nie en ook nie te jok nie. Wanneer ons belowe ons sal iets doen, dan doen ons dit ook.

Hierdie is ook deel van een van die 10 gebooie in die Bybel.

"Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie."

Eksodus 20:16

Valse getuienis beteken om jok-stories op te maak.
En teen jou naaste spreek, beteken om van of met jou naaste te praat.

Wie is jou naaste?

Dit is jou ouers, oumas, oupas, ooms en tannies. Dit is jou niggies en nefies, jou maatjies en al die ander grootmense en kinders wat jy om jou sien.

Wat moet ons onthou?

Om die waarheid te praat en om altyd mooi en vriendelik met almal te praat.

Kom ons maak nou ons mond-stokkies!

Aan die einde van die dokument is daar 2 bladsye met 'n paar verskillende monde, wat jy kan uitdruk, inkleur en uitsny.

As jul nie 'n drukker het nie, dan kan jy vir mamma of pappa vra om jou te help die prentjie af te trek op die rekenaarskerm, soos in die fotos onder. Moenie die potlood hard druk nie, trek jou prentjie saggies af.





Jy kan ook jou EIE monde teken. En jy kan soveel monde maak soos jy wil. Sommer een vir elkeen in jul gesin!

Druk of teken jou mond/e, kleur dit in, en sny dit dan mooi uit.



Gebruik kleeflint, gom of Prestik om ‘n stokkie agterop elke mond te plak. Indien jy gom gebruik het, laat dit eers mooi droog word, voor jy met dit speel.



LAASTE STAP

Stuur vir ons ‘n foto waar jy by jou pragtige kunswerk staan of dit vashou.

Plaas die foto op jou span se WhatsApp groep, of stuur per e-pos aan info@rooihuiskraal.org.za

---

Hierdie instruksies is ook beskikbaar as ‘n blog-artikel op ons webwerf: www.rooihuiskraal.org.za

Direkte skakel na artikel:
https://rooihuiskraal.org.za/les-voortrekkerkode-2/

MOND PRENTJIES